Getal 3 – storie:

Die drie meerkatte is die diere wat volgende 'n huis langs die sebras se huis bou.

Hulle het die huis verlaat omdat hule groot genoeg is om hul eie huise te bou. Die eerste huise wat hulle gebou het, was nie 'n groot sukses nie, want dit was nie sterk genoeg om te bly staan nie. Die eerste meerkat het vir homself 'n huis van gras gebou, die tweede meerkat het 'n huis van stokke gebou en die derde een het 'n huis van bakstene gebou. Hy het nie geweet hy moet sement vir die bakstene gebruik nie. Toe die jakkals verbykom, het al die huise met sy geraas en geblaas omgewaai.

Die meerkatte het besluit om 'n sterk huis langs die sebras te bou, sodat hulle bure naby hulle kan hê om hulle veilig te laat voel. Hulle het ook na mekaar verlang toe hulle apart gewoon het. Nou is hulle weer baie gelukkig omdat hulle drie beddens weer langs mekaar staan. Hulle is ook baie bly om drie ondergrondse tonnels te hê, drie rotse en drie bosse in hul tuin. Hulle gebruik dit baie, want hulle hou daarvan om wegkruipertjie te speel. Hulle lê ook in die son op die rotse wanneer hulle koud kry.